

ST. NIKLAAS VAN MYRA

6 DESEMBER

(sterf c. 350)



Hierdie gewildste onder die heiliges, wat vandag voortleef in ons moderne Sinterklaas of Kersvader, het werklik geleef. Hy was die biskop van Myra in antieke Licië (moderne Turkye). Daar bestaan soveel verhale en legendes oor hom. Een van die bekendste is waarskynlik dié van die drie jong vroue, wat nie oor 'n bruidskat beskik het om goeie huwelike aan te gaan nie en dit dus noodgedwonge oorweeg het om prostitute te word. Biskop Niklaas het in die nag sakke vol geld deur hul vensters gegooi sodat hulle uiteindelik met dié bruidskat kon trou. Die Vroeë Kerk was vol stories oor dié merkwaardige man en talle kerke is aan hom toegewy. In die jaar 1087 is sy relieke oorgebring na Bari in Italië waar dit vandag nog bewaar word.